durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

# Bergsig Boodskap

3 Maart 2019

3 Maart 2019, DOOP
Preekreeks TRINITEIT: VADER
1ste Lydensweek

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Ds.Johan Els*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*
**Glow Kidz Diens (Saal)**
*Stephanie Steenkamp*

18:00 **@6 Diens**
*Arno Mattheus*

**Deuroffer: Hugenote Kollege**

"Sosiale leiers dien en seën ander. Hulle skep skoonheid in die wêreld, lig die visie van die mensdom op, brei ons moontlikhede uit en verdiep ons lewenservarings." Dit is die visie van die kollege in Wellington.

10 Maart 2019,
Preekreeks TRINITEIT: VADER
2de Lydensweek

08:15 **Klassieke diens**
Ouditorium
*Pieter Henning*

10:00 **Informele diens**
Ouditorium
*Ds. Johan Els*
**Glow Kidz ook saam in kerk se ouditorium**

18:00 **@6 Diens**
*Ds. Johan Els*

**Deuroffer: Straatwerk**

## NUUS:

3 Maart: **1ste Lydensweek**, Doop
6 Maart: Aswoensdag, **Plaasfeesbiduur 18:00**
9 Maart: **Durbanville Plaasfees**
10 Maart: Belydenisaflegging
12 Maart: Doopkategese
15 Maart: Skole sluit




Sewe weke voor Paasfees vier ons **LYDENSTYD.** Dit is 46 dae waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die lyding van Jesus herroep en daarop reageer voor Paasfees. Die klem val op **HERTOEWYDING**.

6 Maart is **ASWOENSDAG** - wanneer ons **berou toon** en **skuldbelydenis doen**. Lees Psalm 103:1-4.

## God is onveranderlik en jaloers ...

### Eienskappe van God

### Hy is onveranderlik

Ek, die Here, het nie verander nie, daarom het julle nie te gronde gegaan nie, nageslag van Jakob. **Maleagi 3:6**

In hierdie wêreld van dryfsand, is die Here, jou Rots, onveranderlik in sy wese, wysheid, krag, heiligheid, regverdigheid, goedheid en waarheid. God se onveranderlikheid is 'n groot troos, want wat een keer waar is van Hom, bly vir ewig en altyd waar. Hy is altyd regverdig, geregtig, goed, vol genade en toegewyd in sy liefde vir sy mense. Hy sal nooit sy beloftes aan jou verbreek nie.

### Hy is jaloers

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God. **Eksodus. 20:4-5**

God se jaloesie op sy mense spruit nie uit 'n gebrek aan vertroue in sy mense nie. Dit ontstaan uit sy begeerte om 'n intieme en eksklusiewe verhouding met hulle te hê. Moenie met 'n lang gesig loop oor God se jaloerse liefde nie. Loop juis met 'n lag! Jy behoort veilig te voel, gewaardeer en gedring deur sy liefde om naby Hom te bly.

**Hoe bid ons –** Bid tot God ons Vader – **El Kanna**
In die 10 gebooie staan: Want jy mag jou nie neerbuig voor 'n ander god nie: want die Here se naam is Jaloers – 'n jaloerse God is Hy. **Eksodus 34: 14 (1953 Vertaling)**

God se jaloesie spruit daaruit dat Hy ontrouheid verafsku en dat Hy weet dat ons as mens veilig is as ons aan Hom gehoorsaam is.

**Hoe luister ons –** Bid oor die volgende vrae:
Wat leer die naam El Kanna my van God?
Wat leer die naam El Kanna my van myself?

Wat kan ek nou gaan doen, omdat ek die naam El Kanna beter verstaan?

**Hoe leef ons?**

Wat het vir jou uitgestaan sover in jou ontdekking van die Vader?

Wat dink jy as jy hoor iemand is jaloers? Was jy al jaloers? Lees weer Eksodus 20: 4 - 5.

Hoe moet ons God wat jaloers is verstaan?

Wat is die verband tussen "owerspel" en afgodediens? Dink veral aan die boek Hosea.

"God se jaloesie beteken ook Hy bly altyd getrou aan jou in ALLE omstandighede." Bespreek die stelling. Dink ook aan dit wat jy gelees het hieroor in die Triniteitsboekie.

As dit is hoe God oor jou voel, watter emosie vir aanbidding word by jou aangewakker?

**DURBANVILLE PLAASFEESBIDUUR 6 MAART 18:00**
**Die KOEPEL VAN GENADE omvou die fees**

# Vanuit die Uitreikkantoor ...

# Bergsigprojekte oor grense

## Mosambiekse dominee plaas sy eie veiligheid op die spel vir sy gemeenskap

Die evangelisasieprojek begin om saam met die Tumbine Sinode van die Gereformeerde kerk van Mosambiek te werk met die doel om die talle onbereikte areas in die noorde van Mosambiek te bereik. Saam deel hulle die hart van God vir die mense van die gebied. Dit is 'n groot gebied veral in die provinsies van Niassa en Cabo Delgado.

Een van die dominees wat hulle toe as vennote stuur, word na Mute in die Cabo Delgado provinsie gestuur. Daar is baie hekkies om te oorkom, maar die passie vir die mense dryf almal betrokke en Guambe en sy gesin word in die sending gebied bevestig as 'n sendeling van die sinode.

Guambe en sy vrou word gelos in 'n gebied waar hulle die plaaslike taal moet leer, vreemde gedrag van mense wat hulle nie ken nie en gelowe waaraan hulle nie gewoond is nie. Hy het drie kinders by hom wat daar moet inskakel in die skole en talle persoonlike uitdagings om te oorkom.

Saam met al die uitdagings breek daar toe ook geweld uit in die gemeenskap, gedryf deur 'n weerstand beweging wat ook Mosl&m ekstremistiese bande het. Mense word op wreedaardige maniere vermoor. Huise word afgebrand. Die gemeenskap leef in vrees. Eers is die aanvalle ver van hulle af, maar het al hoe nader beweeg. Die vrees begin ook die jong gelowiges raak. Hulle kan nie meer by hulle landerye uitkom en werk nie, en in die nag gaan kruip almal in die bosse weg vir die aanvallers. Dit raak gevaarlik vir hulle as gesin om daar te bly, en hulle verlaat die gebied vir 'n tyd. Ds Guambe getuig egter dat hulle bereid is om terug te gaan ten spyte van die omstandighede. Hulle kom in Mute aan en word gedwing om eerder na die dorp Palma te trek vir veiligheid. Dit is so 40km van die gemeente af. Daar huur hulle 'n huis en beweeg uit na die gemeente om daar te werk.

Die aanvalle raak egter intenser en kom nader. Die sinode begin met hulle as gesin te praat en raai hulle aan om die gebied te verlaat. Ds Guambe besluit toe om dit nie te doen nie. Sy redenasie is eerstens omdat hy so geroepe voel en tweedens omdat hy weet dat as hy nou die gebied verlaat sal dit soveel moeiliker wees om terug te keer en deur die mense aanvaar te word. Hulle het nou die verhouding met die mense en wil nie die mense alleen in die gevaar agterlaat nie. Hulle wil nie die mense in die steek laat wanneer hulle nood die grootste is nie.

Die vragmotortjie waarmee hul vlugtelinge gaan haal het, is uitgebrand.



Die jong man by ds Guambe was in 'n minibus waarop geskiet is en hy het desperaat langs die pad na vervoer gesoek, maar die voertuie het net verby gehou. Dit is toe dat Guambe met hulle lorrie gestop het en hom opgetel het.

In die een aanval word 'n leier in een van die wyksgemeentetjies doodgemaak en daar word aanvalle op dorpies langs die grootpad gedoen. Dorpies word afgebrand en mense wreed vermoor. Dit het gebeur op 21 Feb 2019. Toe die boodskap by ds Guambe kom, besluit hy en iemand anders dat hulle met 'n bakkie of lorrietjie, al word dit al donker en die gevaar is nog baie hoog, die pad moet vat om mense te gaan haal dorp toe. Hy bel vir ds Kobus Eksteen in Rietbron en vertel hom daarvan en Kobus vra hom of hy besef aan watter gevaar hy homself blootstel. Hulle is ten spyte daarvan egter weg in die donker en gaan laai vlugtelinge langs die pad op en bring hulle in dorp toe.

Een van die vlugtelinge was familie van die man by wie hy die huis huur. Die man stap toe van daar waar hy afgelaai was na dieselfde huis waar Guambe bly en begin vir sy familie te vertel van wat die nag gebeur het. In sy woorde vertel hy van 'n Engel wat opgedaag het en hulle kom optel het en dorp toe gebring het. Guambe wat toe hoor dat daar mense buite praat, kom toe uit en die man herken hom toe as die "Engel" wat hulle kom optel het. Dit is nou as ek reg gehoor het vanmôre 22 Feb 2019.

Daar is soveel in die storie wat vir ons feitlik onmoontlik is om mee te identifiseer. Die omstandighede om nie in jou landerye te werk nie, dit waarvan jou lewensonderhoud afhang. Die vrese vir jou lewe. Om in die nag weg te kruip, ens. Binne hierdie omstandighede roep die Here sy kinders om op te tree, hulleself op die spel te plaas en word mense gehelp toe hulle dit die minste verwag het. Verhoudings word gebou en deure word oopgemaak vir die Evangelie.

Dink net aan hoeveel voorbidders, ondersteuners, en mense betrokke was om die lig te laat skyn wanneer mense dit die nodigste het.

Die gevaar is nog nie verby nie, maar dink aan die boodskap wat hier uitgaan en dink ook aan die rimpeleffek wat sulke optrede het. Kom ons bly onthou, bid en bly betrokke.








# Koninkrykinsameling

**R485 792**

**Ons het vir die eerste keer ooit nie ons teiken bereik nie. Die kerk se begroting is nou in NOOD. Ons gaan biddend oorbeplan en nuut dink. Stuur voorstelle na: bestuurder@bergsigdv.co.za (Pieter Henning)**




## VILLA CORTONA AFTREE-OORD
## VAKATURE: OORDBESTUURDER

Pos: Ten volle tweetalige (Afrikaans, Engels) Oordbestuurder vir 'n aftree-oord.

Villa Cortona: Die aftree-oord bestaan uit (a) 106 enkeltitel huise, (b) 178 woonstelle in 'n deeltitel kompleks wat ook 26 bystandwoonstelle insluit, (c) 'n verpleegeenheid vir verswakte bejaardes, en (d) ruim tuine, oop areas en ontspanningsgeriewe.

Verantwoordelikhede: Die persoon wat aangestel word, sal verantwoordelik wees vir die professionele bestuur van die oord. Dit sluit in, maar is nie daartoe beperk nie, algemene administrasie, finansies, kontrakte en kontrakteurs, instandhouding van die infrastruktuur, versorging van die ruim oop areas en ontspanningsfasiliteite, sowel as enige billike taak wat die uitvoerende komitees van hom/haar mag verwag.

Kwalifikasies en Kennis (sommiges kan na aanstelling verwerf word): Matriek of hoër, basiese rekenaarvaardighede (bv. Excel, Word en Pastel), opleiding in Bestuur van Deeltitels en Basiese Arbeidswetgewing.

Ervaring en Ander Verwagtinge: Ervaring van spanwerk, bestuur en leierskap; gesonde balans in taak vs persoon georiënteerdheid, sober gewoontes, te alle tye aanvaarbaar van voorkoms en gedrag, oopdeur-beskikbaarheid wanneer nie in konsultasie of vergadering.

Vergoeding: Salaris R240 000 p.j., 13de tjek en 21 opeenvolgende kalenderdae betaalde jaarlikse verlof

Aansoek: Stuur CV van nie meer as 2 bladsye aan yoellmj@mweb.co..za

Sluitingsdatum: 7 Maart 2019



LOCAL IS lekker DIEMERSDAL | DURBANVILLE PLAASFEES™ | Family Fun | Tractors Builders | Farm Animals Stalls | Food & Drink Entertainment | 9 March 2019 09:00 – 17:00 100% farm experience

# ALLE PLAASFEESBELOFTES handig in op laatste MÔRE

# ONTHOU OM JUL COMPUTICKET KAARTJIES TE KOOP

## LAASTE BENODIGDHEDE:

**POEDING**

**Bestanddele Lys:**
**(hierdie is vir ons vars tertjies)**
Suurlemoensap 14 x 500ml
Tennisbeskuitjies 21 pakke
Room 20L
Eiers 5 Dosyn
Botter 5 x 500gr blokke
Peppermint Crisp Chocolate 14

**Klaargemaakte Poedings:**
Trifles in Roomysbakke - 12
Appelpoedings 20

**JAFFELS:**
kort mense wat maalvleis gaarmaak en brood-smeer

**HANDE:**
op die dag van Plaasfees vir verkope

**GEBAK:**
Pasteie (Wild, bees, hoender, groente) & FUDGE

**TOMBOLATAFEL** - ons kort GOETERS

**ROOSTERKOEKE:**
Chutney x 10
Tamatiesous x 10
Mostert squeeze x 10

**POTJIEKOS:**
Chutney x 12
Sout x 6 Skroeftop
Peper x 6 Skroeftop

**BRAAI:**
Suurlemoene/Sap

DURBANVILLE PLAASFEES™ LOCAL IS lekker DIEMERSDAL

## KINDERBLIKKIES KOMPETISIE

**1STE PRYS** geborg deur
**www.opikopipartytjies.co.za**

Kinderblikkies moet vandag terug wees om te kwalifiseer vir die prys - wenner word op 5 Maart bekend gemaak.

Grootmensblikkies & kinderblikkies moet in wees teen 15 Maart en pryswenners sal op 7 April aangekondig word.

## BLIKKIES KOMPETISIE 1STE PRYS

geborg deur **www.thetops.co.za**







scan to donate now
zapper donate with VISA and many more
www.zapper.com

**NG Kerk Durbanville-Bergsig**
021 976 4106 • administrasie@bergsigdv.co.za • www.bergsigdv.co.za
**Facebook:** Durbanville-Bergsig kerk - Sy ligdraers
**Straatadres:** H/v. Boland- en Proteaweg, Durbanville 7550
**Posadres:** Posbus 479, Durbanville, 7551
**Kantoor-ure:** Ma tot Vry 08:00 - 14:00
Leraars en kantoorpersoneel kan daagliks by die kerkkantoor gebel word.
**24 uur nood** vir geestelike & emosionele ondersteuning bergsig911@bergsigdv.co.za
**S33 48.966 018 39.728**
**Bankbesonderhede:** NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, 1410590154,Tak: 334810

SnapScan Snap here to pay
https://pos.snapscan.io/qr/ALS0527